

20 November

**Skrifgedeelte: Psalm 35;
1 Petrus 2:18-25**

Net God kan my saak regverdig behartig

Miskien het jy ook al die bittere ervaring gehad dat mense aan wie jy goed gedoen het, omdraai en jou in die rug steek. Hulle vir wie jy met groot sorg gehelp het, verdraai jou woorde en maak valse aantygings teen jou. In jou nood voel jy magteloos, want hulle lag jou uit en soek jou ondergang.

Dawid het ook so 'n bitter ervaring gehad. Tog vermors hy nie sy krag om met hierdie valse mense te baklei nie. Hy roep tot die Here om hulp. Die Here weet tog dat hy nie gedoen het waarvan hy beskuldig word nie. Die Here alleen kan regverdig oor sy saak oordeel, anders as die vervolgers wat ander mense opgesteek het om teen hom te draai.

En wat dit so bitter maak, is dat Dawid vir hierdie selfde mense omgee het. Toe hulle in die nood was, het hy meegevoel met hulle gehad en vir hulle gebid. Hy was oor hulle besorg soos oor 'n vriend en 'n broer. Hy was so hartseer oor hulle dat 'n mens sou dink sy ma is dood. Maar nou word sy goedheid met kwaad vergeld. Net die Here kan sy saak regverdig behartig. Net die Here kan hom vryspreek, daarom loof hy Hom dag vir dag.

Verkeer jy in sulke nood? Volg in Jesus se voetspore. Vir al die goed wat Hy gedoen het, is Hy met kwaad vergeld. Valse beskuldigings het gesorg dat Hy aan die kruis gesterf het. My sondige natuur is saam met Hom gekruisig, daarom sal ek nie self met die valse mense baklei nie, maar my saak oorlaat aan my regverdige God. Deur die krag van die Gees volg ek in Jesus se voetspore en beskerm sy bloed my.

Sing: Psalm 35:7,10

Ds CCA Vrey (Oudtshoorn)